

**Skriflesing:** Handeling 17:16-34; Psalm 23

Heidelbergse Kategismus- **Sondag 10**

Teks: **Handeling 17:25,28**

**Sing- SAMESANG – Ps.115:1,9**

**TYDENS EREDIENS – Ps. 23:1,2 ; Ps.107:1,10; Ps.62:1,4**

God se Vaderhand en God se Vaderhart is in Sondag 10 ingeskrywe broeder en suster.

Dit gaan nie maar net daaroor dat God alles onderhou en oor alles regeer nie, maar dat God as Vader al hierdie dinge doen. Alle omstandighede, alle gebeurtenisse, alle verhoudinge, in dit alles maak God sy hand vir ons oop, omdat God se hart reeds vir ons oop is. In Sondag 9 het ons reeds dit aangegryp dat God om Christus ontwil *my God en my Vader is*. Hiermee is Sondag 10 ten nouste verweef. Die feit dat God om Christus ontwil my God en Vader wil wees, daarom is daar niks wat by toeval oor ons kom nie. Selfs nie eers die kleinste dingetjie kan toevallig gebeur nie. In alles wil Hy vir jou 'n Vader wees.

Dit is so as ons die woord voorsienigheid in die Bybel gaan soek dan sal ons hierdie woord nêrens kry nie. Maar dadelik wil ek vir u sê daar is seker nie 'n enkele bladsy in die Here se Woord waar dit nie oor die voorsienigheid van God gaan nie. Dit gee ons egter nie die reg om God die Voorsienigheid te noem soos party mense dit doen nie. Om die Here nou by name te noem wat nie in sy Woord staan nie, soos Voorsienigheid of Opperwese, het ons geen reg toe nie want wat kan beter wees as om God te noem in die Name wat Hyself vir ons gee. Bo-alles watter Naam kan nou beter wees as die Naam waarmee ons in Sondag 9 mee begin het.

Hy wat vir my 'n Vader wil wees...in die klein dingetjies om juis by die groot dinge uit te kom. Die Joodse meisie Ester sou hier kon saampraat. Koning Ahasveros wat daardie een nag sleg geslaap het is die begin van waar die Here Haman se bouse planne aan die lig gebring het. Haman wou die Jode vernietig, maar was dit nie dat Ahasveros daardie nag sleg geslaap het nie dan het hy nooit dat daar vir hom uit die kronieke van sy koninkryk voorgelees is nie. En dit nie by toeval nie, want so het dit aan die lig gekom dat Mordegai eintlik die een was wat die lewe van die koning gered het en dat in wat Haman alles voorgehou het, dit alles behalwe die goeie bedoelinge was wat hy voorgegee het. Hy

word aan sy eie galg tereggestel. 'n Enkele nag se slegte slaap van 'n enkele koning red 'n hele volk. Is dit toevallig?!

Daar was ook die ander Joodse dogtertjie wat in die huis van Naäman die Siriër opgeneem was, omdat sy eintlik van haar ouers weggevoer was. Sy kon 'n verbitterde kind gewees het, maar sy is dit nie. Toe Naäman so ernstig siek word, melaats tot die dood toe, dit was nie toevallig dat sy toe daar was en Naäman se vrou kon vertel van die profeet Elisa in Israel wat sy glo Naäman sou kon genees nie. Klein dingetjies, skynbaar onbenullighede, maar dit is alles so kosbaar in die Here se hande dat Hy wat die Here is deur hierdie klein dingetjies grote dinge kan laat gebeur.

\*\*\*

Dit moet vir ons duidelik wees, geliefdes, dat Sondag 10 staan in die praktyk van die volle lewe. Sou ons ook hiermee saamlees Artikel 13 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dan word alles vir ons net nog meer duidelik en meer lewendig. Die Here se hand is oor ons oopgemaak. En hou Hy sy hand oor ons in alle dinge. V/A 27 praat van ALLES....**alles nie per toeval nie maar uit sy vaderhand ons toekom.** Daar is so baie dinge wat met ons kan gebeur. Die Kategismus noem maar net 'n paar. 'n Paar groot teenstrydighede- **reën en droogte...vrugbare en onvrugbare jare...gesondheid en siekte...rykdom en armoede.** God laat Hom nie losmaak van wat sy skepping van die begin af was nie. Ons besef ook dat God het alles te make ook met die dinge van die gewone lewe. Selfs daardie dinge wat jy vir jouself wil sê dit is darem uiters persoonlik. Jy kan dit voor ander mense as persoonlik ag, maar u kan ook verseker weet dat God selfs tot in die fynste besonderhede van wat jy dink persoonlik is, nie uitgesluit kan word nie!

So min soos wat die Here in die persoonlike van jou lewe uitgesluit kan word, net so min sal Hy buite staan wanneer mense hulle wil slim hou en daar allerhande slim filosofieë oor die lewe uitgewerk word. In Handeling 17 kom dit al duideliker na vore. In die groot kultuursentrum van die wêreld, daar in Athene waar die slim mense gedink het om saam te wees juis op die Areopagus het Paulus nie vir 'n oomblik geaarsel om die voorsienigheid van God te verkondig nie. Hy stel dit baie duidelik juis teenoor die filosofieë van sy tyd wanneer hy aan hulle verkondig wie God is en wat God doen. God

laat Hom nie deur mensehande dien asof Hy wat God is aan ons enige behoefte het nie (v.25). Stel jou voor watter verskriklike toestand sou dit wees as God aan ons enige behoefte sou moes hê! Dit is mooi omgekeerd! Paulus noem dit somer in een sin- dit is God wat Self – *aan almal lewe en asem en alles gee*. In vv.26-27 kan ons dit verder lees hoe God gegee het die grense van die volke in hulle tye maar selfs die grense van hulle woonplekke is vasgestel. Dit kan eintlik nie beter gesê word nie...ons moet dit in Sondag 10 vir onself ook weer sê- *In Hom lewe ons, beweeg ons en is ons...*

Ons moet Hebreërs 1 vers 3 hiermee saamlees dan staan daar dat *God die Seun alle dinge dra deur die Woord van sy krag...*Nou kom ons by die werklike hoogtepunt van Sondag 10 uit. In Sondag 9 was dit al gesê dat God alleen ter wille van Christus my God en my Vader wil wees. Nou beseft ons dat dit is ook alleen ter wille van Christus wat God Een is wat voorsien. As dit nie vir Christus was nie, dan mag ek nie eers op een liter suurstof aanspraak maak het nie. Dan mag ek nie asem gehaal het nie, want God wil my niks skenk, werklik niks, sonder Christus nie. Hy is alleen ter wille van Christus, ons Vader. Hy is alleen ook ter wille van Christus die Een wat sy hand na ons uitsteek.

Soos wat God in en deur Christus alles geskape het, so dra God ook deur sy Seun alle dinge, van sekonde tot sekonde. Hy dra nie net alleen die hele wêreld nie, maar Hy regeer ook oor die hele wêreld. Die belydenis het pragtige fyn woord nuansering hier- **regeer en onderhou...**Met sy almagtige krag is God die Een wat regeer, net so is sy oralteenwoordige krag daar om te onderhou. In Openbaring 4 en 5 word dit vir ons pragtig geopenbaar waar God op sy heilige troon sit, bo die hele wêreld verhewe- Hy regeer, maar in sy Vaderhand hou Hy 'n boek vas met sewe seëls verseël. In daardie boek staan die Raadsbesluite van God soos wat dit in die verloop van die wêreldgeskiedenis beskrywe word. God se regering word deur sy onderhouding net nog duideliker gemaak. Want lees ons ook in Openbaring hoe die Lam van God dan tot die troon van God nader en hoe die Lam dan daardie seëls een vir een oopbreek. God dirigeer as't ware die geskiedenis deur sy Seun, en alles kom in verband met mekaar.

Daar is niks wat gebeur wat los staan nie, want op die einde is God die Een wat alles bymekaar bring na 'n enkele groot doel wat die nuwe stad Jerusalem se strate en poorte met goud en pêrels laat blink. So besef ons dat God se voorsienigheid staan in die nouste verband met sy skepping, daardie reën en gesondheid en gras en kos en geld, maar dieselfde voorsienigheid staan ook in die nouste verband met die herskepping. Die strate en poorte van die nuwe Jerusalem is nie geplavei asof daar nie droogtes en hongersnood en oorloë en peste en pestilensies op die aarde was nie. Dit alles word in Christus saamgebring voor dit by 'n hoogtepunt gebring kan word.

\*\*\*

Wanneer ons hierdie dinge besef, broeder en suster, hoe dit saamgebring moet word, dan sal jy werklik by die besef van wat God se voorsienigheid alles beteken juis jou eie verantwoordelikheid ook besef. Waar dit gaan om God se verhouding tot jou en hoe God in sy verhouding voorsien, gaan dit ook om jou verhouding tot God. Sondag 10 bring hierdie wonderlike verhouding ten volle op die tafel want as jy verstaan wat die voorsienigheid alles inhou dan kan jy nie anders as om vraag 28 ook vir jouself te vra- **Wat baat dit ons dat ons weet God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?** Ons besef dadelik dat wanneer ek nie weet wat dit my baat nie dan gaan my hele lewe skeeftrek. Dink maar aan die mense met 'n panteïstiese uitkyk op die lewe. Ja ons besef ons tydsgees, ons politiek ons wetenskapsbeoefening is deurtrek van panteïsme al sal min mense dit werklik nog raaksien.

Panteïsme is wanneer God nie meer as bo alles gesien word en Hy alleen alles onderhou en regeer nie. 'n Panteïs maak God en wêreld een. God word so met die wêreld vereenselwig dat dit wat sleg is in die wêreld nie werklik meer sleg genoem word nie, want dan word God ook mos sleg gemaak. 'n Panteïs sien God se voorsienigheid maar as deel van die verloop van die natuur. 'n Misdadiger is eintlik dan maar net iemand wat baie siek is, en wat genees moet kan word. Wanneer die tak van 'n boom krom groei dan sal die panteïs vir jou sê dit is mos nie die tak se skuld dat dit krom is nie. Dit is maar een met die boom...

Niemand kan in die panteïs se idee van die lewe werklik verantwoordelik gehou word nie. Daarom dat die huwelik as heilige instelling van God nie meer verantwoordelik hanteer word nie. Dit is mos maar deel van die natuur van die mens om seksueel te wil verkeer en daarom sal diesulkes wat met die panteïsme getrou het die huwelik van geen belang ag om eers met die seksuele te wag alvorens dit eers in so 'n heilige band en heilige verhouding mag plaasvind nie. Die politiek is deurtrek van die panteïsme as hulle vir jou wil vertel dat alle mense is maar gelyk en dat almal vir een toekoms moet saamwees en niemand is meer die Een wat bo is nie, nie eers God nie. Hy is maar een van ons!

Saam met die panteïsme tref 'n dubbele slag ons. Ook die deïsme sal vir Sondag 10 van ons belydenis geen ooghare oorhou nie. Die deïsme erken ook nie God se voorsienigheid nie, want vir hulle is God eintlik maar soos 'n horlosiemaker. God het die hele skepping soos 'n groot horlosie alles stuk vir stuk aanmekaar gesit en toe opgewen. Daarna het God Hom heeltemal onttrek. Die wêreld wen nou maar op sy eie af, soos 'n opgewende horlosie, en God is nie daar naby nie. Dit is soos iemand wat op die hawe 'n groot skip afsien, wanneer die skip begin seil dan word dit dalk van die kaai toegewuif met 'n mooi glimlag maar waar die skip gaan eindig is nie meer die man op die hawe se verantwoordelikheid nie.

Dit mag miskien vir u vreemd klink dat daar sulke mense is, panteïste, deïste, maar broeder en suster, hoe baie van hierdie dinge leef maar in ons eie gedagtes, ook hoe ons lewe. Die dialektiese teologie is lewendig in ons kerke en dit het niks anders as 'n deïstiese oorsprong nie. Hoe sien sulke mense hulle lewe waar die dialektiese teologie ter sprake is. God is wel daar maar Hy is daar vêr. Dan wys hulle ewe vroom en ernstig hoe God eensydig wel soos 'n weerligstraal in jou lewe kan inslaan maar dit kom van vêr en eintlik is dit toevallig dat jy ook getref word want God kan tog nie ook verantwoordelik gehou word vir die krisis wat na die eerste krisis kom nie. Dit is eintlik maar net toevallig dat God weer so in jou lewe met 'n nuwe nood ingeslaan het. God openbaar hom vir dieselfde part deur die noodlot! Is dit waar, broeder en suster?

Hoegenaamd nie! Sondag 10 gee alle eer aan God en dat God werklik alles onderhou en regeer. Ook in hierdie verhouding. In V/A 28 gaan dit in werklikheid om jou en my se verhouding tot God waar God klaar so in alles ten volle in jou lewe betrokke is. Dit gaan tog na alles om die verbond. Die verhouding van God tot sy skepping maar ook Sy verhouding tot jou... Hy staan nie vir 'n oomblik los van ons nie. Sy almagtige, Sy oralteenwoordige krag, het met my voorspoed en met my teëspoed alles te make.

\*\*\*

Moet nie wil somme maak om te dink ek kan bereken wat is God se verhouding nou werklik vir my werd nie. Gaan maar net stilletjies agter die belydenis in Sondag 10 staan. Dit is soos om Psalm 23, die baie bekende Psalm ook hier vas te gryp. Die Here is my Here, my Herder, niks sal my ontbreek nie. Wanneer Hy my neerlê in groen weivelde, na water waar rus is, lei Hy my heen. Hy verkwik my siel, Hy lei my in die regte spore, spore van sy geregtigheid, om sy Naam ontwil. So 'n skaap kan nie berekeninge maak nie. Hy volg die herder waar die herder hom voorgaan. Hy weet by voorbaat die herder wil net vir hom goed wees. Ek wil net by Hom bly. Dit is so teen ons aard. Al sing ons hoe graag hierdie Psalm, maar hoeveel berekeninge is daar nie nog steeds by ons nie. Ons wil nie maklik dit net aanvaar nie. Telkens is 'n mens maar weer met koue, hardvotige berekeninge besig. As jy werklik God se voorsienigheid vertrou dan sal jy teen hierdie berekeninge moet stry, maar beteken dit dat jy in alles maar net moet berus.

Die Kategismus sê dat jy in teëspoed geduldig moet wees. Beteken geduldig maar dieselfde as om maar in alles te berus?! Née, broeder en suster, iemand wat berus lê hom/haar onvoorwaardelik eintlik maar net by alles neer, terwyl iemand wat in teëspoed nie berus nie, maar wel geduld beoefen is met die gespanne afg wagting besig om die krag van sy geloof styf te span terwyl hy/sy die Here vra om tog in hierdie teëspoed die krag te gee om die teëspoed te dra. Berusting is eintlik in die geloof iets wat die Here nie van ons vra nie. Berusting breek die gespanne verwagtinge wat daar in jou moet wees dat God wel kan help af. Berusting breek daarom ook die krag van die gebed af. Wanneer jy maar berus dan vra jy mos nie werklik meer dat die Here jou die krag en die uitkoms en die verlossing uit die nood mag skenk nie. Nee dan berus jy maar en dan leef jy eintlik nie meer in die geloof dat God wel wondere kan doen nie.

Terwyl om in teëspoed geduldig te wees is byna die teenpool van om maar net te berus. Hoe het Job alles behalwe in sy teenspoed net eenvoudig maar berus. Hy het wel gesê *die Here het gegee...die Here het geneem...* maar dit is geen berusting nie, dit vind alles plaas in angs en teëspoed, in die grootste aanvegtinge, waar die krag en inspanning eenvoudig sy klag voor God uitstort. Jesus in Getsémané, wat nie maar berus in watter teëspoed Hy geweet het daar wag nie. Die nag in Getsémané is alles behalwe berusting, maar sy sweet soos bloeddruppels drup uit Hom uit, in die besef van wat dit sal wees om in teenspoed geduldig te wees...*as dit U wil is laat hierdie beker by My verbygaan.*

Psalm 23 is eintlik hier ook weer vir ons ter sprake. Ook wanneer die teëspoed daar is. Die dal van doodskaduwee waardeur daar gegaan moet word. Dit is nie maar net gelate berusting nie, maar tog daadwerklik oorgawe in die geloof. Dit is waarom hierdie Sondag werklik gaan, broeder en suster- *Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my; u stok en u staf die vertroos my.* Broeder en suster, om Sondag 10 by Psalm 23 uit te bring. Wie se hand is die hand wat die stok en die staf vashou. Sondag 10 praat so baie van die hand. Dit is alleen die Vaderhand. Hy onse Vader in die hemel, dit is sy hande wat die stok en die staf omklem wat daar is om soos Dawid in Psalm 23 dit uitroep- *die vertroos my...*

Ons Kategismus is by uitstek geskryf om ons te troos (om dolerendes, om klaendes, om mense wat huil) te troos. Gaan stilletjies agter Sondag 10 aan, want sou u stilletjies agter hierdie Sondag met jou hele lewe kom staan, dan is die lewe van berekening weg, hoe om te dink ek alles moet uitwerk en moet laat werk. Die lewe van harde aktiewe berekening is weg, maar net so ook die lewe van 'n passiewe berusting. Om maar net gelate te aanvaar dat God se Vaderhand het nie vir my 'n beter deel uitgekies nie, is net so sleg soos om berekend met God te wil omgaan. Laat ons eerder die Vaderhand vasgryp wat na ons uitgesteek word, dat terwyl ons in teenspoed geduldig *wil* wees, in voorspoed dankbaar *sal* wees, *moet* ons in ware geloof 'n vaste vertrouwe in onse God en Vader vir die toekoms stel. God wil ons hierdie geloof skenk. Al lewe ons in 'n turbulente wêreld, die chaos wag ons baie keer letterlik in, maar hoe geseënd, hoe troosvol as u werklik weet

wat God se voorsienigheid is, waaroor sy voorsienigheid gaan, en watter nut dit spesifiek vir jou as die Here se kind mag hê. Dit is werklik op die einde van Sondag 10 'n geval van die woorde kom lê teen mekaar, want God wil jou naby Hom hê. Hy is nie Een wat vêr van ons wil wees nie. Dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie- **HOEKOM NIE!** – **Want alle skepsels is só in sy hand dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.** Psalm 107 vat dit alles die beste saam- *Loof die Here want Hy is goed.* En hier plaas die Here se Woord die kroon op ons belydenis want staan daar in Psalm 107- *sy goedertierenheid is tot in ewigheid.* Wat wil jy nou meer? Daar kan niks beter wees nie. God se goeie hand wat jou tot in ewigheid wil omvou. 'n Hand wat my om Christus wil nimmer as te nooit sal loslaat nie. Daarom gaan Sondag 11 spesifiek ons hande na Christus toe wil bring. Wie is Christus regtig vir jou. Daarby moet ons kom?

AMEN

Vrae uit Sondag 10:

1.



